

Die volgende is 'n Werkkaart soos voorsien deur die VAW.

Voltooi hierdie Werkkaart as 'n Hersieningsoefening vir Hoofstuk 1 – Hoofstuk 2.

Opskrif: Hersieningsoefening 4

Heelgetalle en Telgetalle

Werkkaart: Finansiële Wiskunde

Skryf die volgende teorie oor in jou werkboek en voltooi die oefening wat volg.

Wins: Die geld wat 'n besigheid maak nadat uitgawes gedek is.

Verlies: Wanneer 'n besigheid nie genoeg goedere verkoop het om uitgawes te dek.

Wins of Verlies = Verkoopprys – Kosprys

Afslag: Wanneer die verkoopprys van 'n item verlaag of verminder word, word dit 'n afslag genoem.

$$\text{Afslagwaarde} = \text{Verkoopprys} \times \frac{\text{afslag}\%}{100}$$

$$\text{Afslagprys} = \text{Verkoopprys} - \text{Afslagwaarde}$$

BTW: Belasting op Toegevoegde Waarde. Alle verkooppryse op goedere sluit BTW van 14% in.

Rente: Rente is die koste daaraan verbonde wanneer jy geld leen.

Enkelvoudige rente: Enkelvoudige rente word bereken as 'n persentasie van die bedrag geld wat jy geleen of gespaar het. Dit word altyd op die oorspronklike bedrag geld wat geleen of gespaar is bereken.

$$A = P(1 + i)$$

A: Dis die finale bedrag nadat rente betaal is.

P: Die bedrag geld wat gedeponeer, belê of geleen word.

i: Die persentasie rente wat per jaar gehef word (as 'n desimale getal).

n: Termyn, die tydperk (jare) waarvoor die hoofsom belê of geleen word

Lening: 'n Lening word gemaak wanneer jy geld leen. Rente word altyd op lenings gehef, ongeag of dit 'n groot of klein lening is, en of die geld oor 'n kort termyn of langtermyn geleen word.

Wisselkoers: Verskillende geldeenhede het verskillende waarde, dis waar wisselkoerse gebruik word om die waarde van een geldeenheid in verhouding tot 'n ander een uit te werk.

Oefening:

1.1 Kopieer en voltooi die volgende tabel hieronder:

Kosprys	Verkoopprys	Wins of verlies	Waarde
R48	R95		
	R384	Wins	R195
R877	R788		
R547		Verlies	R12
R265	R303		
	R1 680	Wins	R769

1.2 'n Groentehandelaar verkoop 5 kg groenbone vir R85, 15 kg aartappels vir R60 en 7 kg wortels vir R63.

- Die groente handelaar koop sy groenbone teen R12/kg, sy aartappels teen R3/kg, en sy wortels teen R10/kg. Op watter produkte maak hy wins en op watter ly hy 'n verlies.
- Bereken die totale bedrag BTW wat hy op die verkope van 15kg groenbone en 28kg wortels sou gehef het.

1.3 'n Restaurant verkoop 'n burger en skyfies vir R52, BTW ingesluit.

- Maak die restaurant 'n wins of ly hulle 'n verlies, as dit hulle R38 kos om die burger te maak en te bedien?
- Bereken die wins of verlies in a).
- Bereken die bedrag BTW (in rand) wat by die maaltyd gevoeg word.
- Donderdae word die maaltyd teen 10% afslag verkoop. Wat is die afslag waarde?

1.4 'n Seun wat by 'n spesifieke skool Graad 8 toe gaan, benodig 'n rekenaar by die huis vir sy huiswerk en navorsing. Sy ma gaan koop toe by die rekenaarwinkel 'n rekenaar op huurkoop vir R9 560. Sy moet vir 12 maande elke maand R950 afbetaal. Bereken die totale bedrag wat sy vir die rekenaar gaan betaal.

- 1.5 'n Skool moet 'n nuwe Fotostaatmasjien koop nadat een van die onderwysers per ongeluk koffie daarop gemors het. 'n Nuwe masjien kos R85 000, wat vir die skool te veel is om op een slag te betaal. Die kleinhandelaar bied aan om die fotostaatmasjien op huurkoop aan die skool te verkoop teen R8 000 per maand oor 12 maande, of teen R3 600 per maand oor 24 maande.
- Bereken die totale bedrag op elke betalingsplan.
 - Watter betalingsplan moet die skool kies? Verduidelik jou keuse.
- 1.6 'n Man wil 'n motorfiets koop wat R180 000 kos. Hy kan 'n lening vir die volle bedrag teen 4% enkelvoudige rente oor 36 maande aangaan, of hy kan die motorfiets op huurkoop koop teen R5 000 per maand oor 4 jaar.
- Bereken die totale leningsbedrag wat hy moet terugbetaal.
 - Bereken die totale waarde van die huurkoopbetaalings.
 - Watter opsie behoort die man te kies? Verduidelik jou keuse.
- 1.7 'n Seun ontvang 'n verjaarsdaggeskenk van £90 by sy ouma wat in London woon. Bereken die waarde van sy geskenk in rand. (£1=R18,42)
- 1.8 'n Motorfietshandelaar koop 'n luukse motor by 'n Indiese maatskappy vir INR865 000. Die motor word vir \$60 000 verkoop.
(R1=INR0,89) en (\$1=R11,70)
- Bereken die kosprys van die motor in rand.
 - Bereken die verkoopsprys van die motor in rand.
 - Toon of die handelaar 'n wins gemaak het of 'n verlies gely het. Toon jou berekeninge.